

**EERSTE FRITZ PONELIS-GEDENKLESING
GEHOU OP 28 JULIE 2010**



FRITZ PONELIS
28 Julie 1942 – 17 Desember 2009

**VLOEI EN STROOMVERSHELLINGS: FRITZ PONELIS
EN DIE AFRIKAANSE TAALKUNDE**

Christo van Rensburg

Goeienaand, Dames en Here,

Dit is vir my 'n besondere geleentheid om hierdie eerste Fritz Ponelis-gedenklesing aan te bied. Dankie hiervoor aan die organiseerders. Ek wil u dan nou uitnoui om saam met my vir 'n rukkie te fokus op enkele wetenskaplike van Afrikaans, en ook iets te geniet van Fritz Ponelis se presiese analyses, sy insig in die taalomstandighede van die Afrikaanssprekende mense te waardeer, en gelyktydig kennis te neem van die diepgaande grondwerk wat hy gelê het vir die beoefening van die Afrikaanse taalkunde.

En dan wil ek byvoeg: oor die groot verskeidenheid temas waaroor hy gepubliseer het, ook in Engels en in Nederlands, kan mens op 'n aand soos vanaand ongelukkig nooit reg laat geskied nie.

En 'n tweede toevoeging: hierdie afgeronde mens het hom ook nie net op een vakterrein toegespits nie. Sy treffende veelsydigheid was goed bekend. As student byvoorbeeld, toe hulle dosent van daardie tyd, prof. T. T. Cloete, met verlof was, het hy, die latere bekroonde taalkundige, die betrokke dosent se letterkundelesings waargeneem. Een van sy vroeë publikasies het oor Lucebert gehandel. Aan die einde van sy lewe het hy nog geesdriftig Frans geleer, en as die nawerking van sy behandeling veeleisend begin word het, het hy die ongemak op die bed gesit en beveg, en Duitse en Franse gedigte wat hy van buite geleer het, as sy eie terapie geresiteer.

Wat sy taalkundewerk betref, wil ek begin deur te wys op die werk wat in 1968 uit sy pen verskyn het, 'n werk wat die fondasie gelê het om Ponelis se naam vir die volgende dekades die bekendste onder die Afrikaanse taalkundiges te maak: *Grondtrekke van die Afrikaanse sintaksis* was daardie boek se naam. Nuut, verwickeld, kernagtig en stimulerend. Sy individuele stempel het dié publikasie totaal anders gemaak as ander studies oor Afrikaans. Hy het verbluffende verbande tussen taalpatrone gelê, en nuwe gevolgtrekkings oor die samehang van Afrikaans se sintaktiese besonderhede gemaak. En hy was toe 'n skrale 26 jaar oud. Talle ander publikasies sou volg. Ek gaan nie sy indrukwekkende *curriculum vitae* vanaand aan u voorhou nie. Genoeg daarvan sal in elk geval verderaan ter sprake kom.

VLOEI

Ek wou vanaand eers die klem op die vloei in die Afrikaanse Taalkunde sedert 1968, toe die genoemde *Grondtrekke van die Afrikaanse sintaksis* verskyn het, bespreek. 'n Rigtinggewende vloei waartoe Ponelis grootliks bygedra het. Vanaand is juis die regte geleentheid daarvoor. Te meer nog omdat dit trouens presies 12 jaar gelede op sy verjaarsdag is dat die huldigingsbundel *Sintaksis op die Voorgrond* deur sy kollegas Rufus Gouws en Ilse Feinauer aan Fritz Ponelis opgedra is. En dan wou ek gewys het op stroomversnellings in hierdie vloei, en kommentaar daarop gelewer, ook oor die stroomversnellings waarvoor hy self gesorg het. Die tydperk sedert 1968 is egter helaas, te lank vir die tyd tot ons beskikking. Wat u dus vanaand sal hoor, is 'n aanduiding van die vloei in die Afrikaanse Taalkunde in die eerste tien jaar van hierdie eeu, met die klem op hoofsaaklik die naspel van Ponelis se bydrae gedurende die vorige dekades daartoe, asook die rol wat hy steeds gedurende hierdie tydperk gespeel het, en 'n bespreking van drie opmerklike stroomversnellings gedurende die periode op hierdie terrein.

Ponelis het nie net bydraes gelewer op die gebied van die sintaksis nie, maar ook, in 'n neutedop, tot die studieveld van die klankleer, beskrywende taalkunde, historiese taalkunde (waar kom Afrikaans vandaan?), die leksikografie (die maak van woordeboeke), taalbeplanning (wat baie mense wil hê in kristalballe oor Afrikaans gesien kan word), die variasietaalkunde (die studie van dialekte), ens. Hy het verder ook wetenskaplike artikels gepubliseer oor *!ora*-klapklanke (een van die Khoi-tale se klapklanke) en verskeie grammatikakonstruksies in die Afrikatale. In sy studies moes hy talle nuwe terme munt vir die nuwe begrippe wat hy begin gebruik het, en wat steeds lewenskragtig voortleef.

Die verbande wat hy in *Grondtrekke van die Afrikaanse sintaksis* geïdentifiseer het, het hy verder gevoer in 'n veel uitgebreider werk, sy *Afrikaanse Sintaksis*, van 650 bladsye, wat 'n tien jaar later (1979), gepubliseer is. Daardie stroom, hoewel effens smal deesdae, vloei betreklik rustig

voort. Oor 'n groot aantal van die analyses wat hy in 1968 en in 1975 (in hierdie twee werke) gemaak het, is daar deur ander ondersoekers etlike opvolgstudies gemaak. Veral in nagraadse studies, is sy idees verder uitgewerk. (Soms is daar amper gelyktydig MA-studies geskryf oor twee verskillende aspekte van een van die onderwerpe wat hy aangesny het (soos deur Badenhorst 1971 en Du Plessis 1973 oor deeltjiewerkwoorde)). Bosch 1998, in haar bydrae tot sy huldigingsbundel, :1-13 gee 'n voortreflike uitsetting van die "... hele geslag ..." ondersoekers wat in hulle werk uit die "... vormende en verrei(y)kende invloed ..." (Bosch 1998:1) van Ponelis kon put. En dan moet dit beslis ook hier gesê word: desnieteenstaande sy geweldige invloed, het Fritz Ponelis opvallend nooit belangstelling gehad vir 'n skool van navolgers wat hom nagepraat het nie. Hy het stimulerende meningsverskille trouens aangemoedig.

Een van sy groot belangstellings, die Afrikaanse historiese taalkunde, het in die afgelope 10 jaar nogal 'n bloeityd beleef, en verskeie nuwe bydraes, ook van hom, het daarvoor die lig gesien. In 'n meerdere of mindere mate het van hierdie bydraes *stroomversnellings* veroorsaak wat beweging in die rustige vloei gebring het – en wat ook ander gesigspunte na vore laat kom het. 'n Baie goeie teken in die beoefening van enige wetenskap. Die res van hierdie lesing word aan sulke *stroomversnellings* gewy.

DIE EERSTE STROOMVERSNELLING: GESTANDAARDISEERDE AFRIKAANS

Vloei

Die vloei oor die standaardisering van Afrikaans was maar altyd vol onrustige gedurige kabbelings omdat die bedding onder die oppervlakte maar goed klipperig is. Net die dapperes waag daarin. Sedert die middel van 1800 is daar al gewerk aan die standaardisering van Afrikaans, in die Bo-Kaap (Ponelis 1993: 52; Davids 1987, 1991; Kähler 1971), in Genadendal (Belcher 1987), en, nie ver hiervandaan nie, in die Paarl (Ponelis 1993; L. T. du Plessis 1986). In 1909 het die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns tot stand gekom, en die verantwoordelikheid vir die standaardisering van Afrikaans op sy beurt aan die Taalkommissie gedelegeer.

In die loop van die tweede helfte van 1800 is daar in toneelstukke en gedigte, dikwels spottenderwys, tiperings gemaak van hoe bepaalde karakters Afrikaans sou praat. Ek dink byvoorbeeld aan figure soos Kaatjie Kekkelbek, Grietje Beuzemstok, Klaas Waarzegger, ens. 'n Kantaantekening hierby, terwyl standaardisering aan die bod is: Die Afrikaans van hierdie karakters het egter net tiperings gebly wat hoogstens, saam met ander gegewens, onder die aandag van latere standaardiseringsgesaghebbendes kon kom, vir wie "veralgemening en normering" (Ponelis 1992: 74) die belangrike doelwitte is. ("Eenvormigmaking", noem Steyn 1991: 29 dit.) (Vgl. ook Kotze 2010: 12-13.) Maar aan die ander kant van die munt lê die erkenningsbehoefte van soveel sprekers. Inderdaad 'n haas onbegonne taak. Die lukraak voorstellings van hoe mense sou praat, kom ook hier ter sprake. Dit is waardevolle taalhistoriese en sosiolinguïstiese dokumente, maar kan op sigself nie deel van 'n sistematiese standaardiseringsproses wees nie, hoe vroeg dit ook al plaasgevind het (Vgl. Deumert 2004: 51, Grebe 2002).

Waar daar 'n keuse uit kompeterende vorme in Afrikaans gemaak moet word, kom politiek onwillekeurig ter sprake. Politiek en standaardisering is maar onwillige bedmaats. Maar hoe onwillig ook al, waar die een is, is die ander een ook. Maar 'n taal standaardiseer hom nie self nie. Daarvoor is mensewerk nodig (om die titel van Van der Sijs se 2004-studie, *Taal als*

Mensenwerk hier aan te pas) om 'n pad te baan tussen die sosiale verskille (Van de Rheede 1985) “... wat maklik kan saamval met ras en etniese verskille” (Kotze 2010: 12).

Tans gaan daar heelwat stemme op wat sê dat die standaardisering van Afrikaans 'n standaardisering van die taalgebruik van die taal se blanke sprekers is, en dat die vorme van die res van die Afrikaanse spraakgemeenskap geïgnoreer word. Ek het 'n brief van die einde van Maart vanjaar (Adendorf, *Beeld* 29/03/2010), en Steyn (*Beeld* 17/06/2010) se reaksie daarop, as 'n voorbeeld in gedagte. Ek wil verwysings na hierdie briewe nie laat klink soos 'n nuwe protes en nuwe reaksie nie. Hierdie argumente is deel van die vloei as mens oor die standaardisering van Afrikaans praat. Deurgaans kom mens egter agter, dat die diepgange van opinie tot opinie wel verskil. (Kritiek op die basis van Afrikaans, kritiek op die woordeskatkeuse, op die spellingkonvensies, op die GRA en die Taalkommissie, noem maar op, het al so aan die bod gekom. Dis die vloei van die standaardiseringsgesprek oor Afrikaans.)

Die stroomversnelling

Die stroomversnelling, soos die standaardiseringsgesprek hier bekyk word, kom in hierdie geval uit Ponelis se pen, en val nie onder die genre van woord en wederwoord waarna die vloei hierbo verwys nie.

In hierdie waarneming van Ponelis, wat 'n dag na sy afsterwe gepubliseer is, wys hy daarop dat die gesprek oor groot politieke verskille tussen die sprekers van 'n taal sinneloos kan word as die grense van daardie taal oorskry word. Waarop kom dit neer?

Onderliggend lê die diglottiese verhouding tussen Standaardafrikaans en Afrikaans se omgangstaalvorme wat hom daartoe lei om spesiaal die bestaan van die groot aantal soorte Afrikaans te beklemtoon. Een van die soorte, skryf hy, 'n soort Volksafrikaans, het juis in 'n skriftelike vernet teen apartheid sy beslag gekry. Hierdie soort Afrikaans kom verspreid voor oor die hele Suid-Afrika. Ponelis noem dit *demotiese Afrikaans*, (*Die taal wat ons praat, By*, Saterdag 19/12/2009; p. 5), – 'n soort Afrikaans wat met voorbedagte rade teen heersende politieke sienings, en ook teen Standaardafrikaans se voorskrifte, indruis.

Demotiese Afrikaans (waarvan die stam *demo-*, teruggevoer kan word na Grieks toe, kom in ander Afrikaanse woorde, soos *demokrasie*, ook voor). In die Kaapse vorm daarvan is dit byvoorbeeld deur Adam Small gebruik (en ook deur Peter Snyders, Loit Sôls, en talle ander). Elders word dit o.a. ook deur Koos Kombuis en Jeanne Goosen, op sy eie kenmerkende manier, en volgens sy eie konvensies, geskryf, in gedigte, toneelstukke, betoë en in byvoorbeeld die *Kaapse Son* (*Die taal wat ons praat, By*, Saterdag 19/12/2009; p. 5)

Dit is gepas om bietjie na te dink oor hoe groot hierdie afstand tussen Standaardafrikaans en Volksafrikaans kán wees, sodat die twee soorte tog nog deur die noemer *Afrikaans* oorspan kan word. En vir hoe lank? Dit wat nou hier aan die bod is, is die waarneming van Ponelis dat daar 'n soort Afrikaans bestaan, baie naby aan die periferie van wat nog Afrikaans is.

Standaardisering gee Afrikaanssprekendes deur die taal se standaardvorm toegang tot kultiveringsaktiwiteite in Afrikaans. Die kommerwekkende, vir mense wat Afrikaans wil sien gedy, is dat Fritz Ponelis in hierdie artikel van hom daarop wys dat volkstaalsprekers van Afrikaans se taalvorm (*demotiese Afrikaans*) al byna té na aan Engels lê. Vir hulle is Engels hulle skooltaal, geloofstaal, werkstaal en selfs die lees- en skryftaal. Die kultiveringsaktiwiteite geskied deur Engels. En dan is hierdie Afrikaans van voor tot agter deurspek met Engels. Dit is te

betwyfel, sê hy, of *demotiese* Afrikaans, hierdie soort Volksafrikaans, met verloop van tyd sal kan standhou teen Engels, en steeds 'n soort Afrikaans kan bly. Onderzoekers wat oor die voorwaardes vir taalverplasing werk, het, lyk dit my, hier interessante gevallestudiemateriaal.

DIE TWEDE STROOMVERSHELLING: -kie EN -tjie

Ek wil vervolgens u aandag vra vir die raaisel van die geval van die standaardisering van *-kie* en *-tjie* in Afrikaans, in aansluiting by wat so pas oor standaardiseringswerkzaamhede gesê is. Een van Fritz Ponelis se studies het gegaan oor die herkoms van die Afrikaanse verkleiningsvorme. Die Nederlandse *-tje* verskil van *-kie* in Afrikaans. Beide die vorme het hy bevind, is voortsettings van verkleiningsvorme wat uit die Wes-Germaanse tyd dateer (Ponelis 1988b; 1993: 121; 128; 160 e.v.). In Afrikaans, merk hy op, bestaan daar twee sisteme. Een wat eindig op *-kie*, en een op *-tjie*.

Aansluitend by wat so pas oor standaardisering gesê is, en as 'n stukkie detail by Ponelis se analise: Waar die klankomgewings beide vorme toelaat (voorbeelde *paal-tjie/paal-kie*, *hart-tjie/hart-kie*) word daar vandag slegs die *-kie* vorme as die standaardvorm erken (alhoewel dit nie altyd uit die skryfwyse duidelik is nie). Die standaardvorm in Afrikaans was egter nie altyd *-kie* nie. Wat die genoemde verkleinwoorde nou betref: Die eerste *Woordelys en Spelreëls* (van 1917, waarvan so pas gepraat is), het slegs *-tsjie* erken. Malherbe (die bekende skrywer wat as lid van die Taalkommissie ook mede-verantwoordelik was vir die Afrikaanse skryfreëls), onderskryf in 1917 (in sy *Taalboek*, (Malherbe 1917 :23)) die gesag van die *Woordelys en Spelreëls* wanneer hy sê “In die verlede was daar twee spellinge bv. *tabberdjie* en *tabberkie*, *stemmetjie* en *stemmekie*, *tafeltjie* en *tafelkie*, ens. Die vraag of in sekere gevalle *-tjie* (*-djie*) of *-kie* moet geskrywe word, is beslis ten gunste van eersgenoemde, kyk Spelreël 27.1. En dit is 'n beslissing waarby alle **binnelanders** (my beklemtoning) wat *-kie* sê, hulle met vrymoedigheid kan neerlê.”

Hoekom het hierdie Taalkommissie *-tsjie* gekies? Die antwoord lê dalk gedeeltelik (het Jaap Steyn my meegedeel), in 'n verduideliking van J.J. Smith (wat later die eerste redakteur van die *WAT* sou word) in *De Huisgenoot* van April 1917. Hy sê dis die vorm wat in die Nederlandse skryftaal bestaan. En hy voeg by: “Als daar verskillende uitsprake van een en dieselfde woord bestaan, is dit stellig die verstandigste plan om die vorm vir ons skryftaal te kies, wat die naaste aan die Nederlandse skryfvorm is”. (Dus: As die jaartal 1917 is, volg Afrikaans die Nederlandse model in twyfelgevalle.)

Hoekom is *-kie* later gekies, en wat kan mens daaruit aflei? Vra mens jou onwillekeurig af.

Dat *-kie* die Noordelike vorm is, berus miskien op 'n te haastige waarneming (Marais-Hoogenhout 1904, p. 18; Le Roux, T. H. 1910, p. 29; Viljoen 1896, § 91, J. J. le Roux 1921, p. 42). Die interessante vraag is ook of die spraakgebied waar *-tsjie* gehoor word, vir die genoemde waarnemers op die oog af ooreenkom met die spraakgebied waar onder andere *wiet* en *loep* gehoor word, teenoor *weet* en *loop*, meer Noord, soos aangedui deur Louw 1963: 29, 30 (vgl. ook Boonzaier, 1989; Klopper 1983; Louw 1964) (W. J. de Klerk, 'n vriend en kollega van prof. Ponelis (De Klerk 1964: 224), het heelwaarskynlik met sy spraaklandskap 2, kaart 1, :238 hierdie dialektgebied in gedagte. Hierdie werk wat hy toentertyd oor die eerste uitgawes van die *Afrikaanse Taalatlas* gedoen het, is ongelukkig nie verder voortgesit nie.)

Dit is belangrik om te weet dat die binnelanders egter nie deur die bank *-kie* gesê het nie. Hulle het ook *-tjie* gesê. T. H. le Roux, (1910 p. 29: §32), een van die eerste taalkundiges wat taalvariasieondersoek in Afrikaans ernstig benader het (S. A. Louw was 'n student van hom, vgl.

egter ook Von Wielligh 1925), stel 'n vraelys hieroor op en skryf na aanleiding van sy ondersoek: “(v)olgens de ontvangen opgaven is dit te sterk gezegd” ..., (volgens sy eie opnames is die persepsie dat *-kie* in die binneland voorkom, te sterk gestel): *-tjie*, kom in die Noorde ook voor.

En as 'n vorm in die Noorde voorkom, wat dan van aan die Oosgrens? (Die Noorde, Transvaal en die Vrystaat, is later, na die Groot Trek, deur bewoners uit die vroeëre Oosgrens bewoon.) In 'n brief uit 1844 (Nienaber 1942: 100-101) van *Grafernet* af (aan die toentertydse Oosgrens), staan die woord *amperjes*. Ek wil so graag dink as iemand *Grafernet* skryf, (baie foneties), sal hy *amperkies* skryf, tensy hy *ampertjies* sê. Maar hoe sal mens presies weet hoe die mense in 1844 gepraat het?

Ponelis het by geleentheid 'n interessante werkwyse gevolg om 'n beeld van vervloë dae se taalgebruik te kry. Hy het nasate se taalgebruik vergelyk met rekords van hulle voorouers se taalgebruik (Ponelis 2002). So kan taamlik betroubare gegewens van taalgebruik oor 'n paar geslagte her ingewin word.

Ek het sy metode effens aangepas en as 'n steekproef 'n paar mense van tussen 60 en 80 jaar oud uit die Noordelike Provinsies gevra of hulle nog onthou hoe hulle oumas en oupas se verkleiningsvorme geklink het. (U kan dit gerus, vir die interessantheid, ook probeer met bejaarde mense. Verstommende klein besonderhede oor taalgebruik van dekades gelede kom aan die lig, soos byvoorbeeld herinneringe aan 'n ekstra lettergreep -★, in vergelyking met vandag se uitspraak, in bv. woorde soos *booi-★n-tjie*, 'n uitspraak wat in die literatuur in 1910 ook vermeld word (T.H. le Roux 1910: 29). OPMERKING: Dit is opvallend dat die oumas se taalgebruik, ten minste van hierdie geslag, beter onthou word as die oupas s'n. Die Sociolinguistiek het antwoorde hierop, maar vir vanaand gaan ons nie daarop in nie.)

Hoe weet ons die binnelanders het wel *-kie* en *-tsjie* gebruik soos Le Roux se opnames te kenne gee? Wat sê ons ou mense? In mny eie geval: My oumas is nie lank na 1860 gebore nie. Een in die Rustenburg-distrik. Sy was 'n *-tsjie* spreker. Die ander een wat in 1865 gebore is, in Standerston(!) se distrik, was weer 'n *-kie* spreker. Dit klop dan met wat T H le Roux sê (1910: 29): “In gedeelten van Transvaal en Vrijstaat gaat *-tjie* over tot *-kie*, b.v. *boon – booinkie, pad – paaikie, biekie* (voor *bietjie*)”.

Ek het in my steekproef ek verder 4 uit 7 mense gekry wat die *-tsjie*-vorme goed onthou. Die ander was nie seker nie. Die volgende 3 van daardie 4 herinnerings is belangrik:

1. Mev. B. (72 jaar oud) se ouma (1883 gebore) het in Wes-Transvaal geboer. Mev. B. onthou goed dat hierdie ouma eers *-tsjie* gesê het, maar later begin *-kie* sê het. 'n Normverplasing soos wat die Spelreëls op die ou einde voorgeskryf het.
2. Mnr. V. (65 jaar oud) se ouma is 1899 in Bothaville-distrik gebore. Sy was 'n konsekwente *-tsjie*-spreker, en kom uit 'n vooraanstaande Trekkerfamilie, wat die moontlikheid van *-tsjie* as sosiaal gestigmatiseerd, in hierdie geval, uitskakel. As kind van sowat 10 jaar oud sê hy, het hy “effens skaam gevoel omdat sy ouma anders gepraat het as wat hulle op skool (1945-1950) geleer het (naamlik *-kie*).”
3. Segspersoon D. (80 jaar oud) sê “ek is in Rustenburg gebore, en het in die Soutpansberg-distrik groot geword. In nie een van die twee gebiede het ek die *-tsjie*-uitspraak gehoor nie. Dit kan egter wees omdat my ouers albei onderwysers was.”

Waarom dan *-kie* lateraan vir *-tsjie*?

Skoolinvloed. Segspersone 2 en 3 wys op die skoolinvloed. Le Roux en Pienaar 1927 par. 473 sê *-tsjie* ... word verdring deur *-kie*, o.a. as gevolg van skoling. Leon Hattingh wys daarop

(persoonlike mededeling), dat mens in gedagte moet hou, alhoewel die uitspraak *-tjie* kan wees, dit nog steeds *-kie* is wat geskryf word.

- 1.
2. Statebybelinvloed. Jaap Steyn wys my daarop (persoonlike mededeling) dat die Statebybel wat in die binneland goed bekend was, die verkleiningsuitgang *-ke(n)* in plaas van *-tje*, gebruik word, soos in “Laat de *kinderkens* tot Mij komen” (Markus 10:14). Die ietwat verouderde Afrikaanse woord *sagkens* kom heel moontlik uit die Statenbijbel. Koning Dawid het gevra: “Handelt mij zachtkens met den jongeling, met Absalom” (2 Samuel 18:5). Die bekende Psalm 23: 2 lui: “Hij voert mij zachtkens aan zeer stille wateren”.
3. Die kwynende invloed van Nederlands. Smith se 1917-duimreël dat Nederlands voorkeur geniet waar daar variante vorme ter sprake is, sal later, met die groei van die Afrikaanse gedagte, en die erkenning van die amptelike status van Afrikaans in 1925, al hoe minder toepassing vind. (As dit nie meer 1917 is nie, volg ons nie meer Nederlands so presies nie.)

Met vorige argumente in gedagte, is ’n geldige vraag nou: het die keuse vir *-kie* en téén *-tsjie* iets te make met wat netnou genoem is: die ras en taal-kwessie? Hier kom die verdeling van *-kie* in die binneland, en *-tsjie* in die Wes-Kaap ter sprake. (Vgl. Grebe 2009.)

Daar is nie getuienis dat dit wel die geval is nie. Taalbeïnvloeding het hier makliker plaasgevind volgens wat in Van der Horst 2009 se terme assimilasië genoem kan word, wat nie taalbeplanning met ’n duidelike politieke agenda het nie Naas die redes wat so pas aangevoer is waarom *-kie* mettertyd die oorhand oor *-tjie* gekry het moet ons in gedagte hou dat die gebruik van *-tsjie* en *-kie* beide heelwaarskynlik onder die binnelandse boere wyd genoeg gebruik was sodat rassekonnotasies nie aan die verskillende verkleiningsvorme geheg kon word nie. Dit moet ook in gedagte gehou word dat die Kaapse manier van praat in die Noorde van die land, ’n honderd jaar gelede, heelwaarskynlik skaars bekend was, en dit dus nie gestigmatiseer kon gewees het nie.

DIE DERDE STROOMVERSNELLING: AANLEERDERSVERSKYNSELS

Vloei

Tale in kontaksituasies beïnvloed mekaar gedurig. In ’n veeltalige land soos ons s’n hoor ons dit elke dag. Daar is aanleerdersverskynsels wat op hierdie manier ’n vaste deel van die standaardvorm in Afrikaans geword het, (soos byvoorbeeld *ons* in onderwerpposisie (vgl. Engels ... *us will do it*). Die aanleerdersproses waarvan soveel tale deel van Afrikaans geword het, maak daarom ’n belangrike taalkunde-studiegebied uit (Den Besten o.a. 1989; Kotze, E. 1989; Donaldson 1991; Markey 1982; Ponelis 1988a; 1993: 30; 1995).

Wanneer sprekers van ander tale ’n taal soos byvoorbeeld Nederlands aan die Kaap wil aanleer, maar dit nie presies kan regkry nie, kom aanleerdersverskynsels op ’n taamlik sistematiese manier, in verskillende fases, voor. Later word baie van die aanleerdersverskynsels deel van die taal wat in daardie gebied gepraat word.

Aanleerdersverskynsels weerspieël kontak tussen alle tale, en lê ook nie net op die vlak van woorde nie. Uitdrukkings weerspieël ook sodanige kontak. ’n *Soutie*, het mnr. Jan Combrink wat vroeër navorsing aan die Departement Afrikaans en Nederlands in Bloemfontein gedoen het, my vertel, is ’n persoon wat ’n politieke sielsgenoot van Luitenant Goewerneur Richard Southy van

Griekwaland-Wes was (teen die 1870's), en *soutie* is dan 'n vervorming van Southy se naam. (U moet maar self gaan kyk wat gee die *ETA* by hierdie inskrywing aan.)

Wat Nederlands betref: Dit is nie net in Suid-Afrika waar sprekers van ander tale Nederlands wou probeer aanleer nie (vgl. o.a. Den Besten 1989). Daar is al gewys op 'n aantal ooreenkomste tussen Afrikaans, en die tale wat ontstaan het wanneer mense elders in die VOC-gebiede, soos in Suriname en in die Ooste, ook Nederlands probeer aanleer het. (Die gebruik van 'n konstruksie wat net soos ons Pa-hulle-konstruksie lyk, en nóg ander, is byvoorbeeld al in 1905 deur Hesseling opgeteken.) (Vgl. ook Josselin de Jong, 1926.)

Meertaliges speel in sekere gevalle 'n sleutelrol in taalkontaksituasies (Nienaber 1964: 205; 1994.). Die Khoi was veral in die binnelandse taalkontaksituasies die meertaliges, al was die meertaligheid ook hoe beperk. As die boere sukkel om die Khoiwoord vir *leeu* te sê, help hulle en voeg so 'n aangeleerde Nederlandse woord by, soos: *Leeu-Gamka*. *Harub-bies* in *hartebees+huis* is dié manier vir die tweetaliges om *biesie-biesie+huis* in beide tale te sê, en *twa-gras* is weer *gras-gras*. Vanselfsprekend vryf die Khoi se ontkenningwoord aan die sinseinde ook op die boere se taal af. En as die boere verder sukkel met die Griekwa se *-kwa* (wat 'n keelklank kan hê) agteraan die stam van *Gri-*, of agteraan Nama soos in *Namakwa*, en dit hoor as *-goed*, help die Khoispreker. Daardie *-goed* is 'n voornaamwoord in die voorwerpsposisie, meervoud, in hulle taal, en beteken *hulle*. As die Khoi hulp verleen aan die nie-Khoisprekers (die boere), sê hulle dan: *Pa-goed-hulle* (*-kwa* kan direk vertaal word met *hulle*). Sowel *-goed* as *-hulle* bestaan vandag in Afrikaans, maar nie op dieselfde vlak nie.

Noord van die Waterberg lê daar 'n plaas met die naam *ColdFountain*. Vanwaar die naam? Vanselfsprekend van *Kou Fontein* af (in 'n streek waar daar ook warmwaterfonteine is, soos Leon Hattings in 'n opmerking my met reg attent op maak). Maar die struktuur van hierdie naam vra die belangrike vraag. Dit moet mos eintlik *koue* of *koude* fontein wees. Die antwoord kan u op grond van die voorafgaande geval voorsien: *Kou* is 'n vervorming van 'n Khoiwoord wat *fontein* beteken, en die Khoisprekers se naam het oorspronklik *fontein-fontein* beteken (soos Leeu-Gamka *leeu-leeu* beteken) en het nie, soos dit op die oog af lyk, werklik met die temperatuur van die water te make nie!

Ander aanleerdersvorme, meer beperk tot die Kaap, is van Maleise herkoms. Davids 1987: 50 wys op Maleise woorde wat goed bekend is in Kaapse Afrikaans, soos *tramakassie* vir *dankie* en *soppang* vir *defstig*. (*Tramakassie* staan ook in die *AWS*.) Die aanleer van Maleise woorde aan die Kaap was opvallend, sodanig dat Schoeman praat van die wydverspreide gebruik van Laag-Maleis wat ook in Afrikaans neerslag gevind het (Schoeman 1999: 140).

Hoe het hierdie Maleise taalvorme werklik in Afrikaans neerslag gevind, desnieteenstaande bewerings in taalgeskiedenis?

Om die antwoord hierop te verstaan, moet ons aan daardie geweldige groot industrie van die sewentiende en agtiende eeu dink – die VOC se seevaartonderneming.

Die VOC-gebiede het vanaf Java en Ceylon gestrek, in die Ooste, tot by die Kaap. Nederlandse invloed het verder ook gestrek, deur die Nederlandse Wes-Indiese-Maatskappy gedra tot by dele van Suid-Amerika en die Ooskus van Amerika, tans New York, (toe as Nu Amsterdam bekend). Ponelis 1993: 129 wys daarop dat die nedersettings, – eers net gehuggies, later dorpe en nog later stede –, eintlik maar, getalsgewys, net speldpuntjies was in vergelyking met die groot massa seevaarders op die VOC se vlote. (Die VOC het in sy bloeityd nie minder as 16 000 handelskepe gehad nie.) Ons bewaar nou nog baie woorde wat van hierdie seevaartverbintenis getuig. Ponelis

1993:129 gee enkele voorbeelde. Woorde soos *kombuis* is 'n skeepsterm vir die Nederlandse woord *keuke*; *klip*, 'n seevaartwoord waar Nederlanders *steen* sê, en eintlik rots in die see beteken, *afslag*, iets wat later op land met byvoorbeeld 'n skaap gebeur het, maar eintlik is wat met 'n walvis moet gebeur (teenoor *villen*).

Met hierdie agtergrond tot vroeë taalkontaksituasies en die taalinvloede van seevaarders, wil ek vervolgens wys op resultate van navorsing van De Ruyter en Kotze waarvan een artikel in 2002 gepubliseer is, asook op tans nog ongepubliseerde navorsing, wat aandui dat die invloed van Oosterse tale, soos Maleis, nie net aan die vroeë Kaapse inwoners uit die Ooste toegeskryf kan word nie (vgl. ook ongepubliseerde navorsing van De Ruyter en Kotze, en van De Ruyter). Hierdie gegewens vorm miskien die mees beduidende en stimulerende stroomversnelling van die afgelope tien jaar, die tydperk wat hier in oënskou geneem word, om die wording van Afrikaans beter te verstaan. Dit sal vanselfsprekend vanaand nie eers by benadering uitgeput kan word nie.

Hulle gegewens skets die volgende situasie: Daar was teen die einde van 1652 maar net sowat 125 koloniste in die Kaap (Schoeman 2001: 28). Vroeg in 1653 (Muller 1968: 19) het daar sowaar 1 000 tuisvaarders uit die Ooste aan die Kaap aangekom (waaronder ook siekes) vir 'n verblyf van drie weke. Op pad na Nederland het die reis Kaap toe drie tot vier maande geduur. Voor die bestaan van die Kaap moes die manne byna dubbeld so lank op die skepe bly. Die tuisvaarders kom uit die Ooste uit, waar hulle kontraktueel vir ten minste 5 jaar moes bly (Giliomee en Mbengu 2007: 47), voordat hulle weer kon teruggaan Nederland toe. Kaapstad was vanaf 1653 jaarliks die afklimplek van die tuisvaarders. Die tuisvaarders het baie aansien geniet. Die bevelvoerder van die vloot het bevel aan die Kaap oorgeneem wanneer hy in Tafelbaai aankom. Daarna moes die Kaapse Kommandeur weer hard werk om hierdie tydelike nr. 1 se soms halfdeurdagte gedane sake weer ongedaan te maak! Die status van die vloot het saamgehang met die regverdiging van die Kaap vir sy bestaan: om die verbygangers te versorg. En verder het 'n iedere en 'n elk ook 'n gulde geleentheid gehad om as byverdienste ware te verskaf vir geld wat die besoekers deur jare opgespaar het.

Die klein Kaapse gemeenskappie is elke jaar oorspoel deur besoekers, eers vir sowat drie weke per jaar, later tot 33 dae. In 1665 was die oorlêtyd byna ses weke (Schoeman 2001: 253, De Ruyter en Kotze). (Dit was jaarliks, vir 150 jaar lank, vir 'n paar weke lank wêreldbekertyd aan die Kaap! Lateraan het die retoervloot selfs 2 keer per jaar uit Batavië vertrek.) 'n Week na die vertrek van hierdie vloot is daar vanaf 1656, en dit is goed te verstane, jaarliks 'n kermis gehou om al die geluk te vier!

U kan u gerus probeer indink in die volgende besoekersgetalle: Tydens die eerste 8 jaar van die Kaap se bestaan, d.w.s. tot 1660, het 7 000 tuisvaarders aan die Kaap kom besoek aflê. Daarna het die getalle toegeneem, en het die Kaap ook stadigaan groter geword, maar nie in dieselfde verhouding nie. (Giliomee en Mbengu 2007: 59 verskaf gegewens oor die grootte van die vroeë Kaap.) Tussen 1652 en 1795, die eerste 150 jaar na Van Riebeeck, wys De Ruyter en Kotze daarop, dat daar sowat 367 000 mense vanuit die Ooste aan die Kaap besoek afgelê het (De Ruyter en Kotze ongepubliseer: 7, met verwysing na Van Gelder 1997: 41, 14).

De Ruyter en Kotze (2002) onderstreep dit dat die tuisvaarders 'n belangrike bron vir Maleis aan die Kaap was. Groeneboer skryf dat Maleis (Groeneboer 1993: 20-25) (en later saam met Portugees (Davids 1987: 42, 44; Groeneboer 1993: 25-28)) as kontaktaal én handelstaal al lank voor die koms van die Nederlanders in die Ooste gebruik is.

Dit is goed om te beklemtoon dat die tuisvaarders vir die eerste klompie jare ook prakties die enigste bron van Maleis aan die Kaap was. In 1658 het die eerste skip met 75 slawe aan boord aan

die Kaap aangekom, via Brasilië (Schoeman 2001: 106-107). Hierdie slawe was egter nie uit die Ooste afkomstig nie, maar het van Angola af gekom (gekaapte skip.) Party van hierdie slawe sou hoogstens 'n soort gebroke Portugees kon praat, nie Maleis nie. Dieselfde geld ook die taalomstandigheid van die tweede skip met slawe wat later in dieselfde jaar, 1658, uit Guineë, ook van die Weskus van Afrika af (Noord van Angola) aan die Kaap aangekom het.

'n Ander bron van Maleis aan die Kaap, was Oosterse slawe en politieke bannelinge. Die kulturele bande van die slawe met taal (veral Maleis en Portugees) en geloof, was egter aan die begin maar baie skraal (Ponelis 1993: 12). Teen 1657 was daar slegs 12 slawe aan die Kaap (Schoeman 2001: 104), en in 1659 net 104 (Schoeman 2001: 109). Wat die slawe uit die Ooste betref, was daar maar 'n stadige invloei, miskien 20 per jaar, vir die res van die 17e eeu, en selfs later (Elphick en Giliomee 1989: 117). Hierdie klompie Oosterse slawe het met die retoervloot saamgekom ingevolge 'n VOC-reëling dat slawe hulle eienaars tot so ver as die Kaap kon vergesel. Plek op die skepe was maar min, vandaar die beperkte getalle. Soms het die slawe-eienaars nog in Batavia agtergebly, en is die slawe in die sorg van 'n ander tuisvaarder gelaat, om aan die Kaap van die hand gesit te word (Elphick en Giliomee 1989: 116-117). Vir die meeste slawe het hulle moedertale maar beperkte waarde aan die Kaap gehad (Elphick en Giliomee 1989: 121). In die agtiende eeu, vyftig jaar en meer, later, was daar al 'n beduidende teenwoordigheid van mense uit Maleisië aan die Kaap, nie soseer omrede die getalle van die Maleissprekendes nie, maar meer as gevolg van die bydraende rol wat hulle in die kolonie gespeel het (Ponelis 1993: 17, (met verwysing na Bütner 1718), ook Raidt 1976: 96-97). Hulle invloed in kleiner kringe kan nie onderskat word nie. Sjeg Joesoef was byvoorbeeld so 'n politieke banneling. Hy het in 1694 aan die Kaap aangekom, met 'n gevolg van 49 mense, en het hom in Macassar gevestig (Giliomee en Mbengu 2007: 69). Davids wys daarop dat hy 'n gesiene man was en selfs 'n jaarlikse stipendium van die goewerneur gekry het. Na sy dood, vyf jaar later, is omtrent al sy volgelinge weer terug na Indonesië toe (Davids 1987: 40). Sy graf kan vandag nog maklik uitgewys word. Davids merk ook op dat die politieke bannelinge uit die aard van die saak geïsoleer was (Davids 1987: 41). Dit bring mee dat hulle taalinvloed nie vrylik sy loop kon neem nie. Die slawebevolking aan die Kaap het met die verloop van tyd geweldig uitgebrei. Na 150 jaar (1808), toe die slawehandel beëindig is, is daar 63 000 slawe in die Kaap ingevoer. Van dié slawe het net 23% uit Indonesië gekom (Giliomee en Mbengu 2007: 53).

Volgens woordelyste en ander taaldata in die genoemde werke van De Ruyter en Kotze het die tuisvaarders heelwat Maleis in hulle taal geïnkorporeer. Maleise invloed kon net deur kontak in die Ooste bygekom het. Dis ook waarskynlik dat hulle Portugees opgetel het (De Ruyter en Kotze ongepubliseer: 7).

Schoeman 1999 verwys na De Haan wat die daaglikse kommunikasietaal tussen Oosterling en Europeaan *Bataviaasch Maleisch* noem (Schoeman 1999: 140), 'n soort Nederlandse aanleerdersdialek van Maleis wat gevolg het uit die onderdompeling van al die vreemdtaliges in die Ooste by die omgangstaal daar, Maleis. En dan moet ook in gedagte gehou word dat die VOC-liede weens hulle eie taleverskille onderling ook nie te gemaklik met mekaar kon kommunikeer nie: Volgens moderne beramings was ongeveer 60% van die VOC se soldate en ongeveer 40% van sy matrose van buitelandse herkoms (Schoeman 1999: 96).

Al het die bestuurslui van die VOC hul wesenlik Nederlandse karakter behou, was die bevolking in die Nederlandse handelswêreld "... onvermydelik poliglot van aard ..." , sê Schoeman. (Schoeman 1999: 136). Kennis van Maleis was onvermydelik deel van hierdie vroeë situasie. Vandag bestaan daar nog dialekte met heelwat herkenbare Nederlands in die ou VOC-gebiede, onder meer bekend as Javindo, in Java (De Gruiter 1990), en Petok of Petjo in verskeie ander

gebiede (Robinson 1976). (Die heerlike verhale van Tjalie Robinson oor die rakker Bentië is byvoorbeeld in so 'n dialek geskryf.)

Laat ons kyk hoe lyk die optekeninge van hierdie besoekers te taal: Ponelis (1993: 70) skryf een van die kenmerke van Afrikaans, die afwesigheid van -t aan woordeindes, in vergelyking met Nederlands, aan Maleise invloed toe. Hesseling doen dit ook vroeër. Hy (Hesseling 1923: 126) skryf dat woorde soos *herfs*, *sug*, *vermuf* sonder -t aan die einde bv. tipies is van die Nederlands van Maleissprekendes (*sinjo*'s in Oos-Indië). (De Ruyter en Kotze 2002.)

Sinsnedes, woorde, en uitdrukkings uit Maleis in Afrikaans, wat volgens die genoemde navorsing van De Ruyter en Kotze met die tuisvaarders in Afrikaans gekom het, is:

STUUR GROETE

Hierdie Afrikaanse uitdrukking is direk uit Maleis ontleen (*kirim salam*). In Nederlands sê mens *groeten doen* of *overbrengen*

BLY

Die Afrikaanse afskeidsgroet *lekker bly!* is 'n letterlike vertaling uit Maleis *selamat tinggal* en dat hierdie *bly* in die hoë register (soos in die 1983 Afrikaanse Bybelvertaling) vermy, dus gestigmatiseer is.

DRINK

Medisyne drink is 'n direkte vertaling uit Maleis *minoem obat*. In Nederlands word gesê (medisyne) *innemen*, of *slikken sê*.

DOODMAAK

Ek was altyd onder die indruk dat iemand wat van ligte doodmaak praat, en wat nie onbekend in Afrikaans is nie, nog nie die evolusie sedert die kersetyd meegemaak het nie. De Ruyter en Kotze sê mens moet mooi kyk: In Maleis word die frase netso gebruik. (In Maleis is die woord vir ('n kers) *uitdoof* en ('n mens) *doodmaak* (*mem-*)*boenoeh* dieselfde, en die koppeling van *kers* met *mens*, kom ooreen met die gebruik in Maleis.)

TYDSAANDUIDING

Die Afrikaanse manier van tydsaanduiding, deur 'n tydswoord soos *toe* of *gister* te gebruik en nie die werkwoord te verander soos in Engels of Nederlands nie (byvoorbeeld *see* teenoor *saw*) kom netso in Maleis voor.

PA-HULLE

Die strategie om meervoud, of eerder kollektiwiteit met 'n voornaamwoord aan te dui: die bekende *hulle*-konstruksie, soos in *Pa-hulle*, kom ook net so in Maleis voor. (Die Khoi gebruik dieselfde strategie, (*-kwa*) en in die Nederlandse aanleedersvorme in Suriname kom presies hierdie gebruik ook voor (*X-sender*.)

VERHOGING

-e- tot *-i-* en *-o-* tot *-u-* (Ponelis 1993: 65).

AANSPREEKVERWYSING

Die tipe: Pa wil Pa nie Pa se motorsleutels liewers vir Pa se seun leen nie? (Bruce Donaldson het enkele jare gelede ook sulke voorbeelde onder my aandag gebring.)

INTONASIE

En, so in die verbygaan wonder ek ook: wat van die kenmerkende intonasiepatrone wat mens in die Wes-Kaap kan hoor? Is daar nie ook dalk iets Maleis daaraan nie?

Nog meer besoekers

Maar daar was nie net tuisvaarders op pad óm die Kaap na Nederland toe nie. Daar was uitvaarders ook. Die uitvaarders het Nederland weer verlaat vir 'n dienstydkerk in die kolonies, en behalwe vir die wat na Suid-Amerika op pad was, moes die wat na die Ooste toe gegaan het, 'n Kaapse draai kom maak. Hulle was getalsgewys meer as die tuisvaarders. Nie minder nie as 841 000 van hierdie mense uit Nederland op pad na die Ooste toe het tot 1800 by die Kaap aangedoen. (De Ruyter en Kotze 2002:148, met verwysing na Van Gelder, 1997:40.)

'n Lewendige handel het so ontstaan om in die goeie tye onder andere Wes-Europese versierings vir die huise aan die Kaap te bekom. Maar wat het dit met die taalsituasie aan die Kaap te maak? Ek wil een aspek in dié verband onder u aandag bring.

Nog een van die raaiselagtige vraagstukke omtrent die vroeë taalsituasie aan die Kaap, het te make met die geringe taalerflating van die groot getal Duitsers wat na die dertigjarige oorlog aan die Kaap vertoef het (Schoeman 1999: 98). Ponelis 1993:18 wys daarop dat 34% van die mans aan die Kaap tussen 1657 en 1707 van Duitse herkoms was. Sommige het hulle permanent aan die Kaap gevestig. Dit is interessant dat Duitse invloed op Afrikaans uit twee verskillende Duitse taalgroeperings stam: Hoogduits, en 'n groot kontingent Platduits. Die verhouding Hoogduits teenoor Platduits was ongeveer 9 tot 11 ten gunste van Platduitse sprekers. In vroeë tekste kan Platduitse kenmerke geïdentifiseer word soos verlede deelwoorde wat sonder 'n prefiks gebruik word (*gaen* en *stuert* teenoor Nederlands *gegaan* en *gestuurd*). Platduits lê egter na aan Nederlands, en taalinvloed kan agterna gesien, nie maklik aan die een of ander groep toegewys word nie. Aanvullende gegewens, soos die rekords van die vestiging van families, lewer egter bruikbare leidrade. Hieronder val die groot aantal Platduitse vanne wat vandag nog in Afrikaans voorkom, met *-er* wat kenmerkend *-aar* geword het, Grobler/Grobbelaar (maar wat ook met Hoogduitse vanne gebeur het). Voorbeelde van sulke vanne uit Platduits is: Beukes, Wagner, Liebenberg, Schutte, Greeff (Ponelis 1993:17-20; 488).

Die uitvaarders kom pas uit Nederland uit. Hulle is weliswaar nie almal Nederlanders nie, want dit was nooit vir die Kompanjie moontlik om in Nederland genoeg soldate of matrose te bekom nie. Daar moes van buitelanders gebruik gemaak word om aan die VOC se behoefte te voldoen. Die matrose het veral uit die kusstreke rondom die Noord- en Oossee en uit Skandinawië gekom (Schoeman 1999: 96). Die Kompanjie se troepemag was van 1654 af oorwegend uit Duitsland. Skandinawiërs het ook in groot getalle as soldate aangesluit (Schoeman 1999: 96).

Al hierdie mense kon egter op 'n manier met 'n soort Nederlands oor die weg kom. Die bevelstruktuur was steeds Nederlands. Duitssprekendes sou heeltemal verswelg gewees het in hierdie see van meer Nederlands as Duits. Dit is goed verstaanbaar dat hulle byvoorbeeld hulle vanne vernederlands het. Dit lyk beslis asof mens hier dalk 'n antwoord het op die hardnekkige Nederlandse inslag van die taal aan die Kaap, nie net ten opsigte van Duits nie, maar ook ten opsigte van die bonte mengelmoes van al die ander tale wat vroeër aan die Kaap gehoor kon word. Dit is heelwaarskynlik om dieselfde rede dat daar eintlik geen woorde uit tale van Afrika, Indië of Malgassie in Afrikaans opgeneem is nie, en dit is juis uit genoemde gebiede waar 77,3% van alle slawe wat aan die Kaap geland het, afkomstig was (Shell, 1994:15; Ross 1981).

IETS OOR DIE BESTUDERING VAN DIE AFRIKAANSE TAALKUNDE VANDAG

As mens na die bestudering van die Afrikaanse Historiese Taalkunde kyk, kan 'n mooi prentjie geskilder word. In die afgelope tien jaar het daar 'n konstante stroom publikasies oor onderwerpe uit hierdie studiegebied verskyn. Wat verblydend is, is dat 'n groot persentasie daarvan deur nie-Afrikaanssprekendes voltooi is. Dit is miskien goed om hier van Hans den Besten se volgehoue en deeglike werk oor Afrikaans melding te maak.

Dieselfde kan egter nie gesê word van aktiwiteite op alle taalkundeterreine nie. Daar is ligpunte, soos op die terrein van die leksikografie, ondersoeke oor die standaardisering van Afrikaans, indringende studies oor aspekte van hedendaagse Afrikaans, maar dié inisiatiewe kan nie veralgemeen word nie.

Voortgesette navorsing oor Afrikaans as taal was 'n bron van bekommernis vir prof. Ponelis. Een van die redes is dat Afrikaanse Departemente vroeër met groter personeel- en studentegetalle navorsingsprojekte beter kon bolwerk as wat dit vandag die geval is. Daar wag nog steeds 'n magdom temas om ondersoek te word. Die toegang tot die bibliografiese hulpmiddel BATL waar data oor Afrikaanse publikasies, ook taalkundewerke, wêreldwyd op internet toeganklik is, gee navorsing darem alreeds 'n lekker hupstoot.

As mens verder kyk, lyk dit asof navorsingsinstitute wat enigsins onafhanklik van tradisionele instellings kan funksioneer, tog gerigte navorsing kan stimuleer. Ek dink byvoorbeeld aan instansies soos die Afrikaanse Taalmuseum vir navorsing oor byvoorbeeld standaardisering en vroeë Afrikaans, en aan NALN in Bloemfontein. Die publikasiegeleentheid wat LitNet bied, kan in hierdie verband natuurlik nie onvermeld bly nie.

'n Voorstel wat al vroeër gemaak is, is dat daar gerus begin kan word met 'n Taalkunde-ensiklopedie. Onder 'n streng redaksiehand, wat voortdurend bygewerk kan word. Dit wat in Afrikaans gebeur het, en aan die gebeur is, het in so baie ander tale ook al gebeur. Maar daar lê dit meestal diep in skemer verledes. Die Afrikaanse taal se lotgevalle strek maar sedert relatief onlangs, en kan in wyer belang nog tot op groot hoogte agterhaal word. Dit behoort in elk geval, soos die skrywer van die Reinaart-verhaal gesê het, nie *onghemaket bleven* nie (nie ongeskryf bly nie).

Hiermee Dames en Here, wil ek nog een opmerking maak, en dan hierdie lesing afsluit.

Ek sal hierdie geleentheid nie na behore gebruik as ek nie, in die trant van prof. Ponelis se gesprek toe hy 'n ere-doktorsgraad by die Universiteit van Potchefstroom gekry het, nie ook sê,

*Dat ek hierdie lesing met groot respek opdra aan Fritz Ponelis;
namens al sy kollegas, oud en jonk, wat saam met hom
die beoefen van die Afrikaanse Taalkunde
as so 'n heerlike avontuur ervaar het.*

Bibliografie

- Adendorf, L. R. 2010. Almal hoort om dié taaltafel. *Beeld*. 29/03/2010.
- Badenhorst, P. J. 1971. *Deeltjiewerkwoorde in Afrikaans*. Ongepubliseerde M. A. Universiteit van Pretoria.
- Belcher, R. 1987. Afrikaans en kommunikasie oor die kleurgrens. In H. Du Plessis & T. Du Plessis (Reds.). *Afrikaans en Taalpolitiek* (pp. 17-35). Pretoria: HAUM.
- Boonzaier, W. J. C. 1989. *'n Taalkundige Karakterisering van Bolandse Afrikaans*. Ph.D. Tesis, Universiteit van die Oranje-Vrystaat.
- Bosch, B. 1998. Ponelis se Afrikaanse sintaksis (1997) en bydraes in die Suid-Afrikaanse tydskrif van taalkunde. In Gouws en Feinauer (Reds.) 1998: 1-13.
- Botha, T. J. R. e.a. (Reds.) 1989². *Inleiding tot die Afrikaanse taalkunde*. 436-467. Pretoria, ens.: Academica.
- Claassen, G. N. en M.C.J. van Rensburg (Reds.) *Taalverskeidenheid. 'n Blik op die Spektrum van Taalvariasie in Afrikaans*. Pretoria ens.: Academica.
- Davids, A. 1987. The role of Afrikaans in the history of the Cape Muslim community. In Du Plessis en Du Plessis (Reds.) 1987.
- Davids, A. 1991. *The Afrikaans of the Cape Muslims from 1815 to 1915*. Unpublished MA-verhandeling, Universiteit of Natal (Durban).
- De Gruiter, V. E. 1990². *Het Javindo. De verboden taal*. Zoetemeer. V. E. de Gruiter.
- De Klerk, W. J. 1964. Dialektiese verskeidenheid in Afrikaans. In Van der Merwe, H. J. J. M. (Red.) 1964.
- Deumert, A. 2004. *Language standardization and language change. The dynamics of Cape Dutch*. John Benjamins. Amsterdam/Philadelphia.
- De Ruyter, C. & E.F. Kotzé. 2002. Oor Austro-Nederlands en die oorsprong van Afrikaans. *Literator* 23(3) Nov. 2002: 139-160.
- De Ruyter, C. & E.F. Kotzé. *Maleis kom Kaap toe*. Ongepubliseer.
- De Ruyter, C. *Op spoor van Maleise invloed*. Ongepubliseer.
- Den Besten, H. 1989. From Khoekhoe foreignertalk via hottentot Dutch to Afrikaans: The creation of a novel grammar. In M. Pütz & R. Dirven (Reds.) 1989, (pp. 207-250).
- Donaldson, B. C 1991². *The Influence of English on Afrikaans. A case study of linguistic change in a language contact situation*. Pretoria. Academica.
- Du Plessis, H. G. W. 1973. *Die deeltjiewerkwoord in Afrikaans*. Ongepubliseerde MA-verhandeling, UNISA.

- Du Plessis, H. G. W. en L. T. du Plessis (Reds.) 1987. *Afrikaans en Taalpolitiek*. Pretoria. HAUM.
- Du Plessis, L. T. 1986. *Afrikaans in Beweging*. Bloemfontein: Patmos.
- Elphick, R. & H. Giliomee (Reds.) 1989². *The Shaping of South African Society 1652-1820*. Kaapstad. Maskew Miller Longman.
- Giliomee, H. En B. Mbengu. (Reds.) 2007. *Nuwe Geskiedenis van Afrikaans*. Kaapstad. Tafelberg.
- Gous, R. en I. Feinauer. (Reds.) *Sintaksis op die voorgrond*. Vir die dertigjarige herdenking van Fritz Ponelis se *Grondtrekke van die Afrikaanse sintaksis*. Pretoria. Van Schaik.
- Grebe, H. P. 2002. Standaardafrikaans. Daar's 'n vlieg in die salf. *South African Linguistics and Applied Linguistics*, 20, 37-46.
- Grebe, H. P. 2009. Wij spreken zo niet onder ons – taalstandaardisasie en die konstruksie van identiteit. *LitNet Akademies* 6.1 128-141. Maart.
- Groeneboer, Kees. 1993. *Weg tot het Westen: het Nederlands voor Indië 1600-1950*. Leiden. KITLV Uitgeverij.
- Grüner, R. 1982. Die invloed van Duits op vroeë Afrikaans – 'n sosiohistoriese perspektief. *Acta Academica* 15: 33-48.
- Hesseling, D. C. 1905. *Het Negerhollands der Deense Antillen. Bijdrage tot de geschiedenis der Nederlandse taal in Amerika*. Leiden. Sijthoff.
- Hesseling, D. C (1923²). *Het Afrikaansch. Bijdrage tot de geschiedenis der Nederlandsche taal in Zuid-Afrika*. Leiden: E. J. Brill.
- Josselin de Jong, J. P. B. 1926 *Het huidige Negerhollandsch (Teksten en woordenlijst)*. Amsterdam. Koninklijke Akademie van Wetenschappen. Verhandelingen der Koninklijke Akademie van Wetenschappen te Amsterdam. Afdeling Letterkunde. Nieuwe reeks, deel XXVI, No.1.
- Kähler, H. 1971. *Studien über die Kultur, die Sprache, und die Arabisch-Afrikaanse Literatur der Kap-Maleien*. Berlin. Reimer.
- Klopper, R. M. 1983 Die sosiale stratifisering van Kaapse Afrikaans. In Claassen, G.N. en M.C.J. van Rensburg (Reds.) pp. 80-100.
- Kotze, E. 1989. How creoloid can you be? Aspects of Malay Afrikaans. In M. Putz & R. Dirven (Reds.). (pp. 251-264).
- Kotze, E. 2010. Wie besit die taal? *By-bylaag. Beeld*, 24.04.2010: 12-13.
- Le Roux, J. J. 1923. *Oor die Afrikaanse Sintaksis*. Amsterdam. Swets and Zeitlinger.
- Le Roux, T. H. 1910. *Beschrijvende Klankleer van het Afrikaans*. Leiden. A. W. Sijthoff.

- Le Roux, T. H. en P. de V. Pienaar. 1927. *Afrikaanse fonetiek*. Kaapstad ens. Juta.
- Louw, S. A. 1963. Afrikaanse Spraakgebiede. In SA Akademie. Pretoria. HAUM.
- Louw, S. A. 1964. Dialekstudie, Taalgeografie, Taalatlas. In Van der Merwe, H. J. J. M. (Red.) 1964.
- Malherbe, D. F. 1917. Afrikaanse Taalboek. Praktiese wegwijser bij die vernaamste moeilikhede in verband met die Afrikaanse grammatica. Bloemfontein. Nasionale Pers.
- Marais-Hoogenhout 1904. *Praktish Lehrbuch der Kapholländischen Sprache (Burensprache)*. Wenen/Leipzig. A. Hartleben.
- Markey, T. L. 1982. Afrikaans: Creole or non-creole? *Zeitschrift für Dialektologie und Linguistik*, 49, 169-207.
- Muller, C. F. J. (Red.) 1968. *500 jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*. Pretoria. Academica.
- Nienaber, G. S. 1942. *Afrikaans in die vroeër jare*. Johannesburg. Voortrekkerpers.
- Nienaber, G. S. 1964. Raakpunte met Hottentots. in H.J.J.M. van der Merwe (Red.) *Studierigtings in die Taalkunde*. 192-207. Pretoria. Van Schaik.
- Nienaber, G. S. 1994. Die ontstaan van Khoekhoe Afrikaans. In G. Olivier & A. Coetzee (Reds.). pp. 139-152. Johannesburg. Southern Books.
- Olivier, G. & A. Coetzee (Reds.), 1994. *Nuwe Perspektiewe op die Geskiedenis van Afrikaans*. Johannesburg. Southern Books.
- Ponelis, F. A. 1968: *Grondtrekke van die Afrikaanse sintaksis*. Pretoria: J.L. van Schaik. 200 pp.
- Ponelis, F. A. 1979. *Afrikaanse Sintaksis*. Pretoria: Van Schaik.
- Ponelis, F. A. 1987a. Die eenheid van die Afrikaanse Taalgemeenskap. In Du Plessis en Du Plessis (Reds.) 1987 pp. 3-15.
- Ponelis, F. A. 1988a. Afrikaans en Taalversteuring. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 28, 119-129.
- Ponelis, F. A. 1988b. Historiese verband van die Afrikaanse diminutiefsvorm. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 28. 1988. pp. 311-326.
- Ponelis, F. A. 1990. *Historiese klankleer van Afrikaans*. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch. Annale Universiteit van Stellenbosch 1990/1.
- Ponelis, F. A. 1992. Standaardafrikaans in oorgang. In Webb, V. (Red.) 1992 69-90.
- Ponelis, F. A. 1993. *The Development of Afrikaans*. Frankfurt am Main. Lang. Duisburger Arbeiten zur Sprach- und Kulturwissenschaft / Duisburg Papers on Research in Language and Culture 18.
- Ponelis, F. A. 1995. Die Ontstaan van Afrikaans. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 34, 218-230.

- Ponelis, F. A. 1996. Codes in Contradiction. The sociolinguistics of 'Straatpraatjies'. In M. Adhikari (Red.), *Straatpraatjies. Language, Politics and Popular Culture in Cape Town, 1909-1922* (pp. 129-140). Pretoria. Van Schaik.
- Ponelis, F. A. 2002. Caveats and Comments. *Journal of Germanic Linguistics*, 14,95-102.
- Ponelis, F. A. 2009. Die taal wat ons praat, *By*, Saterdag 19/12/2009.
- Pütz, M. & R. Dirven (Reds.) *Wheels within Wheels*. Papers of the Duisburg Symposium on Pidgin and Creole Languages. Frankfurt/M. Peter Lang.
- Raidt, E. 1976². *Afrikaans en sy Europese Verlede*. Kaapstad. Nasau.
- Robinson, T. 1991³. *Ik en Bentiet*. Den Haag. Uitgeverij Moesson.
- Ross, R. 1981. The rise of the Cape gentry. *The Societies of Southern Africa in the 19th and 20th Centuries*, 12, 1-14. London. Institute of Commonwealth Studies. Routledge.
- S. A. Akademie vir Wetenskap en Kuns. 1963. *Taalkundige Opstelle van Oud-Studente aan T. H. le Roux*. Pretoria. HAUM.
- Schoeman, K. 1999. *Armosyn van die Kaap. Voorspel tot vestiging. 1415-1651*. Kaapstad. Human and Rousseau.
- Schoeman, K. 2001. *Armosyn van die Kaap. Die wêreld van 'n slavin 1652-1733*. Kaapstad. Human and Rousseau.
- Shell, R. 1994. *Children of Bondage. A social history of the slave society at the Cape of Good Hope 1652-1838*. Johannesburg: Witwatersrand University Press.
- Steyn, J. C. 1980. *Tuiste in eie Taal*. Kaapstad. Tafelberg.
- Steyn J. C. 1991. 'n Voorstudie oor die standaardisering van Oosgrensafrikaans. In Van Rensburg (Red.) 1991. pp. 28-94.
- Steyn J. C. 2010. Rubriek in *Beeld*, 17 Junie 2010.
- Van der Horst, J. 2008. Het einde van de standaardtalen. Lesing tydens die simposium Standaardtalen in beweging. 19-21 Augustus 2009. Universiteit van Leiden, Leiden.
- Van der Merwe, C, H. Waher, & J. Hambidge (Reds.). 1994. *Rondom Roy. Studies opgedra aan Roy H. Pheiffer*. Kaapstad. Department Afrikaans en Nederlands.
- Van der Merwe, H. J. J. M. (Red.) 1964. *Studierigtings in die Taalkunde*. Pretoria: Van Schaik.
- Van der Sijs, N. 2004. *Taal als mensenwerk. Het ontstaan van het ABN*. Den Haag. Sdu-uitgewers.
- Van Gelder, R. 1997. *Het Oost-Indisch avontuur. Duitsers in dienst van de VOC*. Nijmegen : SUN.

Van Rensburg, M. C. J. 1983. Nie-standaardvorme, variasiepatrone en Afrikaans uit die vorige eeu. in G. N. Claassen en M. C. J. van Rensburg (Reds.) pp. 134-161.

Van Rensburg, M. C. J. 1989² Soorte Afrikaans. In T.J.R. Botha e.a. (Reds.) (1989²). 436-467.

Van Rensburg, M. C. J. (Red.). 1991. Ongepubliseerde Finale verslag: Hedendaagse Oosgrensafrikaans. Navorsingsprojek, ondersteun deur die RGN.

Van Rijn, C. J. (1914). *Het zeer nauwe verband tussen het Afrikaans en het Nederlands. Vooral voor onderwijzers*. Kaapstad. C. J. Van Rijn.

Viljoen, W.J. 1896. *Beiträge zur Geschichte der cap-holländischen Sprache*. Straatsburg. Trübner.

Von Wielligh, G. R. 1925. *Ons Geselstaal*. Pretoria. Van Schaik.

Webb, V. N. (Red.) 1992. *Afrikaans na Apartheid*. Pretoria. Van Schaik.